

DIE VERVAARDIGING VAN OPVOEDKUNDIGE VIDEOS

Met die verkryging van beide 'n TV en Videomasjien het die Nasionale Museum ook, soos baie ander museums, begin om van dié hulpmiddels in hul opvoedkundige programme gebruik te maak. Gou het ons egter besef dat die programme wat in die handel te koop is nie in ons behoeftes voorsien nie. Al raad was toe om maar self in te spring en programme te "skiet".



Mev. K. Coetsee in die eetkamer van Freshford tydens die maak van die video.

Dit is egter makliker gesê as gedaan, want om met net 'n kamera en sy allernoodsaaklikste toerusting te werk, vra kundigheid en voorafbeplanning. Ons het streng volgens



Spelers en die kuratrise van Freshford na die verfilming van "'n Teeparty te Freshford"

draaiboeke begin werk, maar gou gesien dat apparaat vir redigering 'n moet is. Alles verloop nou klopdisselboom en die volgende films is reeds vervaardig.

Taksidermie ('n Konyn word opgestop).

Het jy geweet (Die Nasionale Museum en sy hele opset).

Die maak van soogdierstudievelle.

Die restourasie van Freshford.

Spin en weef (Beginnersklasse in dié kunsvorm aan dogters te Freshford).

Eetgewoontes van diere (Kake en tande van diere).

Ons gaan plaas toe (Kleuters leer plaasdiere ken).

Met die vervaardiging van "'n Teeparty te Freshford" was dit 'n eerste vir die hele span. Die spelers en kameraman het egter alles so vlot laat verloop, dat mens wonder of dit die koue van dié besondere dag was wat hulle laat besef het ons moet alles net reg doen, anders sterf ons aan blootstelling.